# RANDJIENUUS

## 23 SEPTEMBER 2026

### TRADISIE – ROSE PLANT



Een van die mooi **tradisies** binne ons gemeenskap is om rose te plant ter herinnering aan polisielede wat hul lewens in die uitvoering van hul diens verloor het.

Ons het by die Linden Polisiestasie rose gaan plant om hierdie helde te onthou en hul opoffering te eer.

Ons sal altyd dankbaar wees vir die manne en vroue in blou wat hul lewens aan die beskerming van ons gemeenskap wy.

Ons onthou. Ons eer. Ons vergeet nooit.



# ’N HULDEBLYK AAN ONS POLISIE

Van ons Studenteforumlede het op 13 September ’n spesiale diens by die polisiestasie bygewoon om hulde te bring aan die lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat in die uitvoering van hul pligte hul lewens verloor het. **Ons eer vandag hul moed, toewyding en opoffering en onthou die families en kollegas wat hulle agtergelaat het.** Dankie aan ons Randjies vir julle respekvolle teenwoordigheid en dankie aan elke lid van die polisie vir julle diens aan ons gemeenskap.








## SEKTRETARESSEDAG

**Gelukkige Sekretaressedag!**

Ons sê DANKIE aan ons ongelooflike **administratiewe personeel!**

Dankie vir julle harde werk, vriendelikheid, geduld en die talle dinge wat julle elke dag agter die skerms doen om ons skool glad te laat funksioneer. Julle is dikwels die eerste glimlag wat ouers en leerders by die skool ontvang – en ’n onmisbare deel van ons skoolfamilie. Ons waardeer elkeen van julle!

**Julle maak ’n verskil – elke dag!**



# GRAAD 11-LOOPBAANUITSTALLING

Graad 11-leerders het op 27 Augustus die geleentheid gehad om hul horisonne tydens ons Loopbaanuitstalling te verbreed. Met meer as 40 instansies wat deelgeneem het, het ons leerders waardevolle inligting oor verskillende studierigtings, beroepe en loopbaangeleenthede gekry. Dit was 'n uitstekende geleentheid om vrae te vra, opsies te verken en reeds belangrike besluite oor die toekoms te begin neem. 'n Groot dankie aan al die instansies, ouers en voogde wat die dag ondersteun het en natuurlik aan ons graad 11's wat dit met soveel entoesiasme benut het.





















## WOW SPELFEES

Vrydag, 11 September het **13 van ons Randjie-leerders** by Laerskool Fairland aan die provinsiale rondte van die WOW Spelfees deelgeneem. **Ses** van hierdie leerders het gekwalifiseer om aan die nasionale/landswye kompetisie in Stellenbosch te gaan deelneem. Die leerders is:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 8<br>• **Hendrik Spies**<br>(Behaal 'n derde plek) | Graad 8<br>• **Daniël Joubert**<br>(Behaal 'n tweede plek) | Graad 9<br>• **Johan Jooste**<br>(Behaal 'n vierde plek) |
| Graad 9<br>• **Victor Wolmarans**<br>(Behaal 'n tweede plek) | Graad 9<br>• **Paul Scholtz**<br>(Behaal 'n eerste plek) | Graad 10<br>• **Larissa Bouwer**<br>(Behaal 'n derde plek) |

Ons is baie trots op hierdie leerders se deelname en prestasie. Hulle het voorwaar ons skool se naam hoog gehou en bewys dat Hoërskool Randburg vir geen ander skool hoef terug te staan nie, ook nie wat spelling betref nie!




## ROBOTIKA

**RANDJIE GAAN INTERNASIONAAL!**

Baie geluk aan **Victor Wolmarans (gr. 9)** van ons **Robotikaklub** en sy twee spanmaats. Hul *RoboMission* span het met 'n tweede plek in Suid-Afrika by die WRO (*World Robot Olympiad*) nasionale kompetisie weggestap.

Die span sal Suid-Afrika in Desember by die *WRO* internasionale kompetisie in Puerto Rico verteenwoordig.

'n Spesiale woord van dank aan Martin Nel van *Robotics League* vir uitstekende afrigting en ondersteuning. **Ons is ongelooflik trots** — van Randburg tot Puerto Rico!



# FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 11

Ons graad 11-leerders het in die laboratorium met titrasiestegnieke praktiese ervaring opgedoen. Die praktiese sessie het leerders die geleentheid gebied om hul kennis van chemiese reaksies en suur-basis-titrasies toe te pas, terwyl hulle terselfdertyd belangrike laboratoriumvaardighede soos presiese meting, waarneming en die korrekte gebruik van laboratoriumtoerusting ontwikkel. Teorie word praktyk in die Fisiese Wetenskappe klaskamer.




# KULTUUR



## STEMKUNSTENAAR

**Malea Avis (gr. 10)** is vir die derde jaar weer as stemkunstenaar by RSG se opvoedkundige program, "Opskud", betrokke. Malea is in 2023 tydens haar opnames van die radiodrama, "Hou Vas", deur Lee Doubell raakgesien en is daarna genader om deel te vorm van die opvoedkundige programspan wat verskeie radioprogramme vir RSG opneem.

**Skakel Maandae, Woensdae en Vrydae om 19:20 op RSG in om Malea se stem op die lug te hoor!**



## PRONK PODIUM FILMFEES

**Keira Bester (gr. 11) en Nicolaas Mitchell (gr. 12),** saam met **Ethan Bester en Arno Pretorius (matriek 2025)** het onlangs aan die Pronk Podium Filmfees met hulle kortfilm, "Ek weet wie ek is maar ek weet ook nie wie ek is nie want ek is net wie ek is", deelgeneem.

Die kortfilm het by Hoërskool Waterkloof sy debuut gemaak en het met 'n algehele silwer toekenning weggestap. Die kortfilm het **sewe silwer en vier bronssertifikate** ingeryg, met Keira en Nicolaas wat albei **brons** vir skryf en spel toegeken is. Baie geluk!




## DANS

**Janique Kruger (gr. 11)** het aan die *South African Body of Dance* se nasionale kampioenskappe deelgeneem. Sy het vir haar *Tap* solostuk 'n vierde plek behaal en vir haar improvisasie-item 'n algehele eerste plek. Hiermee kwalifiseer sy vir die nasionale span wat Suid-Afrika in Desember in Pole sal verteenwoordig en ontvang ook haar Protea kleure vir dans.



MOOI SO, JANIQUE! ONS IS TROTS OP JOU!



# DRAMA

# DANS

Janique neem aan die SABOD *National Qualifier* deel en behaal 'n derde plek. Sy kwalifiseer ook vir provinsiale kleure.

Sy neem ook aan *Con Spirito* se eerste rondte deel en behaal 6 A+++'e. Sy word ook vir al ses haar items as itemwenner aangewys.

Janique neem ook aan die *Dance Waves* kompetisie deel waar sy vier eerste plekke en een tweede plek behaal.



JANIQUE KRUGER
GRAAD 11



MALEA AVIS
GRAAD 10

Malea neem aan die *Talent Africa* streeksuitdunne deel waar sy twee "High Gold" prestasies losslaan. Sy word ook vir die FPASA se Gautengspan gekies wat in September aan die nasionale rondte gaan deelneem.

# SKRYFKUNS

Keira skryf van haar kortverhale en gedigte vir INK Skryf in Afrikaans en hoor dat vyf van haar skryfstukke in die 2026 - bloemlesing, INKSPRAAK 7, opgeneem sal word.



KEIRA BESTER
GRAAD 11

# REDENAARS



REUBEN PELZER
GRAAD 9

Reuben neem aan die Kansvatters Redenaarskompetisie deel en verwerf 'n A+ vir sy Afrikaans voorbereide toespraak.

Reuben neem aan SALA se semi-finaal in die redenaars-afdeling deel. Hier behaal hy 95% vir sy voorbereide toespraak en dring na die finale rondte deur wat later in September plaasvind.

Kiara neem aan die Oppitong Af redenaarskompetisie deel waar sy 'n A+ vir haar voorbereide individuele oorredingstoespraak ontvang. Sy dring na die semi-finale rondte in September deur.



KIARA JORDAAN
GRAAD 8

Carina neem aan die OppiTong Af Redenaars-kompetisie deel waar sy 'n A+ vir haar voorbereide individuele oorredingstoespraak ontvang. Sy dring na die semi-finale rondte in September deur.



CARINA DU BRUYN
GRAAD 10

# EISTEDDFOD

Karla neem aan die *Con Spirito Forte* rondte deel en verwerf A+++ vir haar monoloog en 'n A++ vir haar poësie.



KARLA FOURIE
GRAAD 10

Ilana neem aan *die Con Spirito Forte* rondte deel waar sy drie A+++'e vir haar "Live Kuns" stukke verwerf. Sy neem met 'n houtskoolstuk, 'n fotografiestuk, en 'n akrielverfstuk deel.



ILANA VAN DEN BERG
GRAAD 11



NELRIE WIJNBEEK
GRAAD 10

Nelrie neem aan die *Teatro Arti* Eisteddfod deel waar sy nege A+++'e vir haar poësie- en redenaarsitems ontvang. Sy ontvang ook twee A++'e vir haar monoloë. Sy word agt keer as itemwenner en ses keer as kategoriewenner aangewys.

# EISTEDDFOD

Mieke neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod se nasionale *forte* rondte deel. Sy ontvang een A+++ vir haar Engelse poësie item en een A++ vir haar Afrikaanse drama-item.



MIEKE DU TOIT
GRAAD 9



JANIQUE KRUGER
GRAAD 11

Janique neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod se nasionale *Forte* rondte deel. Hier behaal sy 'n A+++ vir haar Engelse kreatiewe skryfwerk en word as itemwenner aangewys. Sy is ook ses A+++'e vir haar dansitems toegeken en is as nasionale itemwenner vir twee hiervan aangewys.

Sy neem ook aan die *RACA* Eisteddfod deel en ontvang vier *Diamond* toekennings vir haar Afrikaans en Engels drama- en poësie-items.

Carina neem aan die *National* Eisteddfod *Academy* se kunstefees in die redenaarsafdeling deel waar sy 'n goud vir haar Afrikaanse oorredingstoespraak behaal het.



CARINA DU BRUYN
GRAAD 10



BENJAMIN SCHOEMAN
GRAAD 12

Benjamin neem aan die Sentraal-Gauteng Eisteddfod deel en behaal vier A++'e vir sy sangitems. Hy vorm ook deel van die skool se *Acapella* groep wat 'n A+ vir hulle items ontvang.

Steyn neem aan die Sentraal Gauteng Eisteddfod deel en ontvang drie A++'e en een A+ vir sy instrumentele items op die klavier. Hy vorm ook deel van die skoolkoor se items wat twee A++'e ontvang.



STEYN KOK
GRAAD 11

Matthew neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod se Nasionale Fort rondte deel. Hier behaal hy 'n A+++'e vir sy voorbereide redenaarstoespraak.



MATTHEW CUMMINS
GRAAD 8

Aliza neem aan die Sentraal-Gauteng Eisteddfod deel en ontvang een A+, 7 A's en 'n B+ vir haar sangitems. Sy vorm ook deel van die skool se *Acapella* groep wat 'n A+ vir hulle items ontvang.



ALIZA DE BEER
GRAAD 12

Liam neem aan die Sentraal-Gauteng Eisteddfod deel en ontvang vyf A++'e vir sy instrumentele items. Hy ontvang ook drie A's vir sy sangitems en vorm ook deel van die skool se *Acapella* groep wat wie 'n A+ vir hulle items ontvang.



LIAM BENADE
VAN NIEKERK
GRAAD 12



RUAN VISSER
GRAAD 12

Ruan neem aan die Sentraal-Gauteng Eisteddfod deel en ontvang ses A++'e vir sy instrumentele-item in klavier en orrel. Hy word ook vir al vier sy klavieritems, waarvan een item 'n nuutgeskrewe, eie komposisie is, as kategoriewenner aangewys.

WELL DONE!

# SPORT

## KARATE

**Roxy Barnard (gr. 11)** het van 19 tot 24 Augustus 2026 aan 'n vier dag Gashuku (opleidingskamp) deelgeneem wat deur Shihan Goya van Japan aangebied is. Op Vrydag, 21 Augustus 2026 het sy gegradeer en suksesvol haar eerste Dan (Shodan) behaal. Dit is 'n uiters belangrike mylpaal in haar karate-loopbaan.



Op Saterdag, 22 Augustus 2026 het sy ook aan die SA nasionale kampioenskap deelgeneem en die volgende behaal:

- **Eerste plek** – Kata
- **Eerste plek** – *Kumite*
- **Eerste plek** – Wapens (Hout)
- **Tweede plek** – Spankata



Sy is ook aan die einde van die opleiding en kampioenskap met die Goya beker vereer.

Ons is ongelooflik trots op haar toewyding, dissipline en deursettingsvermoë.



*Well done!*




Ons is baie trots op **Zachary Combrinck (gr. 9)** met sy besonderse karate-prestasies gedurende 2026!

By die SARMAF Provinsiale Kampioenskap op 28 Maart het Zachary uitstekend gevaar en die volgende prestasies behaal:

- Kumite – **Goud**
- Kata – **Brons**
- Wapens – **Silwer**

**Fantastic!**

Met hierdie uitslae het Zachary sy SARMAF Provinsiale kleure verwerf!

Op 27 Junie het hy sy staal by die SARMAF Nasionale Kampioenskap gewys, waar hy die volgende prestasies behaal het:

- Groep Kata – **Goud**
- Lemwapens – **Silwer**
- *Kumite* – **Brons**



Hiermee **verwerf** Zachary vir die vierde opeenvolgende jaar sy SARMAF nasionale kleure!


**Baie geluk, Zachary!**

# SKUTS

Hoërskool Randburg is trots om aan te kondig dat **sewe** van ons skuts gekies is om ons by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te verteenwoordig!




- Chantal van der Bank (Gr. 12)
- Etienne van der Merwe (Gr. 11)
- Liane Alberts (Gr. 10)
- Annabelle Kirstein (Gr. 10)
- Karien Botha (Gr. 9)
- Minay van der Merwe (Gr. 9)
- Neil Knoesen (*Home school*)



Baie geluk aan elkeen van julle met hierdie besondere prestasie. Ons wens julle baie sterkte met die Suid-Afrikaanse kampioenskappe toe wat op 1 tot 3 Oktober sal plaasvind!

# ATLETIEK

Baie geluk aan al ons atlete met hul puik prestasies tydens die Lancewell Egoli atletiekbyeenkoms! Ons is besonder trots op die volgende atlete wat meer as 700 punte op die ASA-tabel behaal het – 'n uitstekende prestasie!

- **Matthew Butcher** – 200 m: 711 punte
- **Mateo van der Merwe** – Gewigstoot: 780 punte
- **Cairol Mabhude** – 400 mH: 797 punte
- **Daniel Nienaber** – 3000 m: 706 punte
- **Carolien van Zyl** – Gewigstoot: 795 punte
- **Madyson Els** – 400 mH: 719 punte
- **Danalee Nothnagel** – 200 m: 724 punte
- **Lea van Heerden** – 400 mH: 759 punte
- **Nardus Breedt** - 3000m: 731 punte
- **Marno White** - Diskus: 838 punte
- **Dianay Roestoff** - Gewigstoot: 733 punte
- **Meagan Teague** - Diskus: 735 punte




Ongelukkig is die byeenkoms weens die slegte weer gestaak. Gelukkig kon van ons atlete nog vroeër die oggend deelneem en hul beste gee. Ons sien uit na nog baie mooi prestasies op die atletiekbaan die seisoen!



# LANDLOOP

Baie geluk aan nege van ons landloop-atlete wat tot die D10-span verkies is om Gauteng Skolelandloop te verteenwoordig!

- Lianke Kotze (gr. 8)
- Lea van Heerden (gr. 10)
- Nardus Breedt (gr. 9)
- Kiara Jordaan (gr. 8)
- Madyson Els (gr. 10)
- Arnu Steenberg (gr. 9)
- Leané Grobler (gr. 9)
- Daniël Nienaber (gr. 8)
- Edgar van der Spoel (gr. 11).




## GAUTENG LANDLOOPKAMPIOENSKAPPE

Ons landloopatlete het aan die Gauteng Landloop-kampioenskappe deelgeneem. Hulle het almal aansienlik verbeter teenoor 2025, wat 'n besondere prestasie is. Hulle het hul tye verbeter en puik prestasies gelewer!

**Hiermee die uitslae:**



### SEUNS:

**Arnu Steenberg** – 44ste
**Nardus Breedt** – 25ste
**Daniël Nienaber** – 13de
**Edgar van der Spoel** – 15de

### DOGTERS:

**Leané Grobler** – 21ste
**Lea van Heerden** – 22ste
**Madyson Els** – 26ste
**Lianke Kotze** – 24ste
**Kiara Jordaan** – 39ste



Spesiale gelukwense aan Liam Visser (gr. 12) wat 'n uitstekende 17de plek by die **ASA-landloop-kampioenskappe** behaal het!

**Welgedaan aan al ons atlete!**
**Ons is ongelooflik trots op julle.**





# SWEM

Ons Randjie-**swemmers** het van 4 tot 6 September 2026 aan die *CGA Steve Haupt* Senior Kortbadswemkampioenskappe wat by Edenvale plaasgevind het, deelgeneem. Baie geluk aan al ons swemmers met julle puik prestasies! **Hul uitslae is soos volg:**

### Thomas Pretorius (Gr. 11)

- 200m Gemengde wisselslag-aflos – **Tweede plek**
- 50m Borsslag – **Derde plek**
- 200m Borsslag – **Derde plek**
- 400m Gemengde wisselslag-aflos – **Vierde plek**
- 100m Individuele wisselslag – **Vyfde plek**
- 100m Borsslag – **Vyfde plek**
- 200m Individuele wisselslag – **Sesde plek**

Thomas kwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Senior Kortbadkampioenskappe in Pietermaritzburg (24 tot 27 September) deel te neem - baie geluk!

### Carli Coetzee (Gr. 10)

- 50m Borsslag – **Agtste plek**
- 100m Borsslag – **Derde plek**
- 200m Borsslag – **Vierde plek**
- 50m Kruipslag – 18de plek
- 50m Rugslag – 14de plek
- 50m Vlinderslag – 12de plek
- 100m Rugslag – 14de plek
- 200m Kruipslag – 11de plek
- 100m Kruipslag – 14de plek



### Larissa Bouwer (Gr. 10)

- 50m Borsslag – **Vyfde plek**
- 50m Rugslag – **Vierde plek**
- 100m Rugslag – **Derde plek**
- 200m Rugslag – **Derde plek**
- 100m Kruipslag – **Sewende plek**
- 50m Kruipslag – **Negende plek**

### Bokkie Maruping (Gr. 9)

- 50m Vlinderslag – **Derde plek**
- 200m Vlinderslag – **Derde plek**
- 100m Vlinderslag – **Sesde plek**
- 50m Kruipslag – 17de plek
- 100m Kruipslag – 22ste plek



# TENNIS

Ons tennisspanne het van 2 tot 5 September aan die Limodo BVHS-tennistoernooi in Bethlehem deelgeneem. Dit was 'n uitstekende geleentheid vir ons spelers om hul vaardighede te toets en waardevolle wedstrydervaring op te doen.



**Ons is ongelooflik trots op die uitslae wat ons spanne behaal het:**

- A-seunsspan: Tweede plek
- B-seunsspan: Tweede plek
- Dogters: 14de plek

Baie geluk aan al ons spelers met hierdie mooi prestasies!
Ons sien uit na nog baie sukses op die tennisbaan!






Ons tennisdogters het op 8 September hul eerste ligawedstryde vir die kwartaal teen St Stithians gespeel.

Ons sien baie uit na die liga wat voorlê. Sterkte vir die res van die kwartaal, Randjies!



Ons **A- en B-seunstennisspanne** het op 18 September hul eerste ligawedstryde van die kwartaal gespeel. Ons Randjies het hard baklei en goeie tennis gespeel. Hou aan hard werk, Manne!






Ons **C-seunsspan** het hul ligawedstryd teen Heronbridge se B-span gespeel.

Ons manne het sterk teenstand gebied en goeie tennis op die baan gespeel.

Welgedaan aan ons C-seunsspan! Julle kan trots wees op julle vertoning.

## Tennisdogters in aksie!

Ons **tennisdogters** het Dinsdag hul ligawedstryde teen St Teresa's gespeel.

Ons A-span het 'n goeie 35–28 oorwinning behaal, terwyl ons B-span hard geveg het en met 26–37 verloor het.

Ons is trots op elke speler se toewyding en sportmanskap.



# GHOLF

Hoërskool Randburg se gholfers het vanaf 13 tot 15 September aan die Steyn City Gholftoernooi deelgeneem. Dit was 'n goeie ervaring vir elke speler om op dié wêreldklasbaan te kon speel. Baie geluk aan die gholfspelers se mooi prestasies:

Ruben van der Merwe (gr. 10) – Vyfde plek met sy netto telling.
Wiid van Wyk (gr. 11) – Tiende plek met sy netto telling.





## SENTRAAL GAUTENG GHOLFLIGA SKOP AF

Die Sentraal Gauteng Gholfliga het op 21 September by Randpark Gholfbaan afgeskop en die Randjies het sommer sterk weggespring!

- Randburg A het 'n **oortuigende oorwinning** teen Pecanwood, St Peter's en HeronBridge College **behaal**.
- Randburg B eindig **eerste** teen St Peter's en Trinity Randpark B.
- Randburg C behaal 'n sterk **tweede plek**.

'n Fantastiese begin vir ons gholfspanne! Baie geluk aan al ons spelers – ons is trots op julle!







## FIETSRY

Ons fietryers het op 29 Augustus het aan die vierde resies van die *CycleLab*-reeks deelgeneem. Dit was 'n tegniese én stowwerige resies by *Eye of Africa*, maar dit het ons fietsryers glad nie gekeer om dit vreeslik baie te geniet nie! Baie geluk aan al ons fietsryers wat elke resies hul beste gee en so mooi presteer. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle! **'n Paar van ons prestasies:**

Eerste plek – Evan Naudé
Agtste plek – Kirstin Roos
13de plek – Erik Breedt
15de plek – Reinhardt Strydom
28ste plek – Daniël Nienaber
29ste plek – Klara Nel





### EN SO HET DIE 2026-BERGFIETSRY-SKOLELIGA TOT 'N EINDE GEKOM!

Ons is uiters trots op elke leerder wat hierdie jaar deel van Hoërskool Randburg se bergfietsspan was. Julle harde werk, deursettingsvermoë en passie vir die sport was deur die hele seisoen sigbaar!

Vir die vyfde en laaste wedren van die reeks, wat op Saterdag, 12 September by Hoërskool Monument plaasgevind het, het ons leerders die volgende prestasies behaal:

- Evan Naudé (gr. 10) – Eerste
- Reinhardt Strydom (gr. 11) – Sesde
- Erik Breedt (gr. 12) – Sewende
- Kirstin Roos (gr. 10) – Agtste



Ons is besonder trots op **Evan Naudé**, wat die 2026 Skoleliga algeheel eerste in sy ouderdomsgroep afgesluit het en daarmee die titel van Gauteng Kampioen verower het!





**Kirstin Roos** het die seisoen ook uitstekend afgesluit met ’n algehele agtste plek in die liga.

As skool eindig Hoërskool Randburg algeheel 13de in die liga. Ons *All Stars* span, bestaande uit die top vyf ryers van elke skool, eindig ook op ’n fantastiese **negende plek**.

## Spesiale *CycleLab*-erkenning



Die *CycleLab* Skolereeks het in 2022 begin – toe hierdie jaar se matrikulante nog in graad 8 was. *CycleLab* het vanjaar ’n spesiale houtplaat laat maak vir elke matrikulant wat aan elke wedren van graad 8 tot graad 12 deelgeneem het – ’n besondere erkenning vir vyf jaar se toewyding tot die sport. Baie geluk aan **Erik Breedt (gr. 12)** wat hierdie besondere erkenning ontvang het! Slegs nege leerders het hierdie plaat ontvang.

Dankie aan elkeen van ons fietsryers vir die harde werk, die kilometers, die vroeë oggende, die modder, stof en selfs die tegniese probleme – maar veral dankie vir die gees waarmee julle Hoërskool Randburg verteenwoordig het.






# DOGTERSKRIEKET

Ons dogters het vir die eerste keer aan die Steyn City Kriekettoernooi deelgeneem, waar agt skole hul kragte gemeet het. Die span het altesaam sewe wedstryde gespeel, waarvan hulle drie gewen en vier verloor het. Ten spyte van sterk kompetisie het Randburg deurgaans met vasberadenheid, spanwerk en 'n positiewe ingesteldheid meegeding en die toernooi met 'n uitstekende vyfde plek algeheel afgesluit.

Een van die uitblinkers tydens die toernooi was **Alyssa Edwards (gr. 10)**, wat 'n besonderse individuele prestasie gelewer het. Sy het oor die sewe wedstryde 249 lopies aangeteken, met 'n hoogste telling van 103 teen Northcliff. Sy het dié telling van slegs 46 balle aangeteken, met 14 viere en vyf sesse. Alyssa het ook nege paaltjies gedurende die toernooi geneem en is in drie wedstryde as Speler van die Wedstryd aangewys. Haar indrukwekkende vertoning is beloon toe sy algeheel as Speler van die Toernooi aangewys is. Baie geluk aan Alyssa met hierdie puik prestasie en aan die hele Randburg-span met 'n uitstekende **vyfde plek** tydens hul eerste deelname aan die toernooi.

Ons dogters het op 27 Augustus uitstekend op die krieketveld gevaar. Met sterk kolfwerk, goeie boulwerk en puik spanwerk het beide ons **A- en B-spanne** indrukwekkende oorwinnings teen Marais Viljoen behaal.

### B-SPAN

Randburg: 114/2
Marais Viljoen: 58
★ Randburg wen met 56 lopies!



### A-SPAN

Randburg: 240/2
- **Kanika Pieterse** – 85 lopies
- **Alyssa Edwards** – 79 lopies

Marais Viljoen – 71 lopies
- **Alyssa Edwards** – drie paaltjies
- **Zani Jacobs** – 2/6
- **Abigail Jacobs** – 2/23

★ Randburg wen met 169 lopies!






## DOGTERSKRIEKET | B-SPAN

Ons **B-span** het 'n uitstekende oorwinning teen Randpark behaal!

Randburg: 117/1

Randpark: 34 almal uit

**Randburg wen met 83 lopies!**

Baie geluk aan ons dogters met 'n puik spanprestasie!





# OLD BOYS-KRIEKET



'n Tradisie wat voortleef - daar is iets besonders aan *Old Boys* krieket. Dit gaan oor méér as net 'n wedstryd — dit gaan oor tradisie, vriendskap, herinneringe en die trots om weer die skool se kleure te dra.

Vanjaar was dit spesiaal om manne van 1981 tot 2023 se matriekjare saam op die veld te sien: verskillende generasies, verskillende stories, maar dieselfde liefde vir die spel en dieselfde verbondenheid aan ons skool.

### ONDERSTE VELD

#### Jong *Old Boys* vs Ou *Old Boys*

Die Jong *Old Boys* het eerste gekolf en 97 lopies aangeteken. Die Ou *Old Boys* het egter hul ervaring gewys en die wedstryd met sewe paaltjies gewen.

**Ruan Botha** was die uitblinker met 'n ongelooflike 78 lopies van slegs 28 balle!

### BOONSTE VELD

#### Eerstes vs *Old Boys*

Die *Old Boys* het eerste gekolf en 'n indrukwekkende 344 lopies aangeteken.

- **Charl du Toit** – 100 lopies
- **Pieter Kallis** – 96 lopies

Die eerstes is daarna vir 115 uitgeboul, met die *Old Boys* wat die wedstryd met 'n skouspelagtige 229 lopies **gewen** het.

Vandag gaan dit egter oor veel meer as die uitslae. 'n Spesiale DANKIE aan elke *Old Boy* wat opgedaag het en deel van hierdie tradisie was. Julle teenwoordigheid, gees en bereidwilligheid om steeds na die skool terug te keer en die veld met oud-spanmaats én die volgende generasie te deel, beteken ongelooflik baie.



# NETBAL

Ons **netbalspanne** se *Fast 5*-toernooi het begin afskop. Met sterk vertonings, goeie spanwerk en vasberadenheid het drie van ons spanne daarin geslaag om na die verdere uitspele deur te dring.

### o. 15-1

**Wen** teen Reddam Waterfall 20–4
**Wen** teen Randpark 24–18
**Wen** teen Linden 23–17
**Wen** teen Northcliff 20–2
Eindig **eerste** in hul groep en kwalifiseer vir verdere uitspele op 1 September.

### o. 15-2

**Wen** teen Nationwide 32–9
**Wen** teen Linden 28–15
**Wen** teen De La Salle 20–14
Verloor teen Northcliff 18–20
Verloor teen Reddam Bedfordview 12–30
Eindig **tweede** in die groep en kwalifiseer vir verdere uitspele op 1 September.

### o. 15-3

Verloor teen Parktown 7–21
Verloor teen Linden 8–46
Verloor teen Northcliff 10–12

### o. 18-1

**Wen** teen Linden 43–5
Verloor teen Reddam Waterfall 7–12
Verloor teen Reddam Bedfordview 10–20

### o. 18-2

**Wen** teen Reddam Waterfall 41–1
**Wen** teen Randpark 37–7
**Wen** teen Northcliff 36–7
Eindig **eerste** in die groep en kwalifiseer vir verdere uitspele op 1 September.






Wat 'n fantastiese dag vir ons netbalspanne (tweede rondte). Ons spelers het alles op die baan gegee en ons is ongelooflik trots op hul prestasies!

### o.15-1

**Wen** 26–9 teen Randburg 2
**Wen** 20–19 teen Northcliff
**Wen** 21–20 teen Reddam Bedfordview
Algeheel eerste
Kwalifiseer vir die JOMO-uitspele

### o.15-2

Verloor teen Randburg 1
Verloor teen Linden
**Wen** teen Parktown

### o.18

**Wen** 31–17 teen Parktown
**Wen** 22–15 teen Northcliff
**Wen** 23–17 teen Reddam Bedfordview
Algeheel eerste
Kwalifiseer vir die JOMO-uitspele

**BAIE GELUK AAN ONS O.15- EN O.18-SPANNE MET HIERDIE BESONDERSE PRESTASIE!**






Baie geluk aan ons o. 15- en o. 18 -netbalspanne wat aan die Gauteng Kampioenskappe deelgeneem het.  Ons is baie trots op julle.

## o. 15

**Die o.15-span het hul groepwedstryde soos volg afgesluit:**

**Wen** Kempton 21–10
**Wen** Montana 22–20
Verloor teen Northcliff 14–19
Die span eindig tweede in hul groep en kwalifiseer vir die Top 8.

**In die Top 8:**
Verloor teen Menlo 16–20
Verloor teen Reddam Bedfordview 20–21
Verloor teen Northcliff 13–15

Die o.15-span eindig agtste algeheel.

## o. 18

**Die o.18-span se groepuitslae:**

**Wen** Prestige 23–20
Gelykop teen Dinamika 23–23
**Wen** Noordheuwel 32–20
Die span eindig eerste in hul groep en kwalifiseer vir die Top 8.

**In die Top 8:**
Verloor teen Transvalia 16–17
**Wen** Oos-Moot 24–22
**Wen** Reddam Bedfordview 26–20

Die o.18-span eindig vyfde algeheel en kwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe!












# WANNEER 'N GEMEENSKAP SAAMSTAAN: JACK SHAI SE BESONDERE REIS




Soms herinner die lewe ons daaraan dat 'n gemeenskap op sy mooiste is wanneer mense bereid is om vir iemand anders om te gee. Jack Shai, een van Hoërskool Randburg se **graad 9-leerders**, het die afgelope paar maande eerstehands beleef wat gebeur wanneer 'n gemeenskap besluit om saam 'n droom moontlik te maak. Jack is met 'n klompvoet gebore – 'n uitdaging wat hom van kleins af vergesel het. Tog het dit hom nog nooit daarvan weerhou om voluit deel van die lewe en van ons skoolgemeenskap te wees nie. Toe die geleentheid ontstaan om 'n groot operasie moontlik te maak wat 'n betekenisvolle verskil aan Jack se mobiliteit en toekoms kan maak, het mense begin saamspan. Die projek is aanvanklik deur **Dudley en Elmien Homes gedryf**, met die ongelooflike ondersteuning van die krieketouers van Hoërskool Randburg. Kort voor lank het die projek veel groter geword as net 'n krieketouer-inisiatief. Die breër Randburg-gemeenskap het ingespring, asook Jack se laerskool, Laerskool Unika. Families, individue en organisasies het elkeen op hul eie manier bygedra – en uiteindelik is daar genoeg geld ingesamel om Jack se droom, in samewerking met *Operation Healing Hands*, 'n werklikheid te maak. Op 26 Augustus het die groot dag aangebreek. Jack is by die Zuid-Afrikaanse Hospitaal deur die **uitstekende ortopediese chirurg, dr. Wessels**, geopereer. Dit was 'n groot en ingewikkelde operasie, maar gelukkig het alles baie suksesvol verloop. Jack herstel tans sterk by die huis en sien uit na die volgende belangrike fase van sy reis: 'n intensiewe rehabilitasieproses. In hierdie stadium het nóg 'n besonderse aanbod gekom. **JD Vorster, fisioterapeut by Smit, Moolman & Associates**, het aangebied om Jack se fisioterapie gratis te behartig. Die praktyk is reg oorkant Hoërskool Randburg geleë, wat dit vir Jack baie makliker sal maak om gedurende die volgende paar maande sy belangrike fisioterapiesessies by te woon. Ons wil graag uit die diepte van ons harte dankie sê aan Dudley en Elmien Homes, die krieketouers van Hoërskool Randburg, elke Randburg- en Unika-familie, *Operation Healing Hands*, JD Vorster van Smit, Moolman & Associates, asook aan die talle ander organisasies en individue wat, selfs van regoor die wêreld, tot hierdie projek bygedra het. Elke rand, elke boodskap, elke oproep en elke daad van goedhartigheid het gehelp om Jack nader aan sy droom te bring. Hierdie projek was egter oor veel meer as net geldinsameling. Dit het ons herinner aan iets wat maklik in die gejaagdheid van die lewe verlore kan gaan: menslikheid, goedhartigheid en omgee vir iemand anders. Dit het ons gewys dat 'n enkele persoon 'n verskil kan maak, maar dat 'n gemeenskap wat saamstaan, iets besonders kan vermag. Jack se operasie was die begin van 'n nuwe hoofstuk. Die pad van herstel lê nog voor en ons weet daar wag harde werk, geduld en uitdagings, maar Jack stap hierdie pad nie alleen nie. Hy word gedra deur 'n gemeenskap wat in hom glo en wat gewys het dat hy vir ons belangrik is. Ons is dankbaar, trots en ons is ongelooflik bevoorreg om deel te wees van 'n gemeenskap wat steeds kies om, om te gee. Mag Jack se verhaal ons almal herinner: 'n Randjie gaan lê nooit nie.







## KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorraine Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



## PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**















JESUS-WEEK
Kom ons bou saam aan 'n sterker geloof!
EEN GELOOF
EEN GEMEENSKAP
EEN DOEL
Helpmekaar, Linden en Randburg Ouers
Ons nooi jou vriendelik uit om deel te wees van die
Jesus-week wat by die verskeie skole gehou gaan word
in die week van 12 – 16 Oktober.
GEBEDSINITIATIEF
8 Oktober
06:00
Linden Lapa
PRAISE & WORSHIP
HOOGTEPUNT
15 Oktober
18:00 – 21:00
Randburg Hoërskool
JESUS-WEEK
BY DIE VERSKEIE SKOLE
12 – 16 Oktober
ALLE OUERS
is welkom!
KONTAK PERSONE:
Jacques
076 159 2581
(Helpmekaar Hoërskool)
Helena
082 337 0051
(Linden Hoërskool)
Ingrid
082 780 0160
(Randburg Hoërskool)
Saam vir ons kinders, saam vir Jesus!


KREATIVO STUDIO: CREATIVE BRANDING SOLUTIONS
KREATIVO
kreativo studio
SCHOOL BRANDING SPECIALISTS
Personalised Subject & Pencil Bags
School Labels
Custom Medals, Badges, Trophies & Awards
School & Sports Apparel & Kit
Classroom & Teaching Aids
Lunch Coolers, Backpacks & Sports Bags
CORPORATE & CUSTOM BRANDING
Corporate Branding
Promotional Gifts
Designing & Printing
Laser Cutting & Engraving
Custom Made Corporate Gifts
SCAN FOR DIGITAL BUSINESS CARD
DESIGN & BRANDING SOLUTIONS FOR SCHOOLS
INNOVATIVE SOLUTIONS FOR BUSINESSES & EVENTS
orders@kreativo.co.za
0638420183
DESIGNING, PRINTING, LASER CUTTING & SO MUCH MORE!


SCHOOL HOLIDAYS:
24 SEPTEMBER - 6 OCTOBER
YOUR DOG ALSO DESERVES
a holiday!
If your dog can't go with his humans, let them enjoy their own fun-filled break.
PET BOARDING
Safe, comfortable and supervised
PLAY DATES
Social play, exercise and lots of tail wags
066 367 2544
hello@sitshappen.co.za
https://sitshappen.co.za/
BOOK EARLY
SPACES FILL FAST!
Sits Happen
DOG TRAINING AND DAYCARE
Oops! Training and Tail Wagging Fun!
Happy dogs. Happy humans. That's Sits Happen!



# Keep safety part of your summer training

Recent incidents involving attacks on women have once again highlighted the importance of remaining aware of our surroundings when spending time outdoors. This should not discourage people from staying active, but it is a reminder that a few simple precautions can help make outdoor exercise safer.

## Safety tips for training outdoors

**Chose safe routes**
Stick to familiar, busy areas with good visibility and security presence.

**Train with a partner**
Exercise with a friend or join a running/walking group where possible.

**Stay alert**
Keep your phone away and music at a low volume so you can stay aware of your surroundings.

**Tell someone your plans**
Let a friend or family member know where you're going and when you expect to be back. Share your live location if needed.

**Keep your phone accessible**
Carry a fully charged phone for emergencies, but avoid displaying it unnecessarily.

**Add an extra layer of protection**
Fidelity SecureMe and SecureMe Plus provide access to emergency assistance when you need it. Giving you added peace of mind while you're out and about.

**Change up your routine**
Vary your route and training times occasionally to avoid becoming predictable.

**Train in daylight**
Where possible, exercise while the sun is up and avoid isolated areas after dark.

FIDELITY ADT

**EMERGENCIES: 086 12 12 401**

adt.co.za | 086 12 12 400

coolideas
YOUR FIBRE GUY

ADS

# LA COURONNE DENTAL CARE


Is **verstandtande, draadjies** of **Invisalign** in jou toekoms?

## Ons bied:

- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater



- **Draadjies** vir reguit tande



- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande



**Bel ons vandag** om jou afspraak te maak:

**011 792 2555**

Whatsapp: 079 412 9156
168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg
info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# OKTOBER 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | | | Fietsry Finaal<br>Skiet SANSSU SA' | Seunstennis A & B<br>Fietsry Finaal<br>Skiet SAARA SA's | Fietsry Finaal<br>Skiet SAARA SA's | |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| | **Skool begin**<br>Gr 12 Kuns & Ontwerp (p) klubhuis | **Koor: Galakonsert en afsluiting FGK 18:30**<br>Robotika 14:00<br>Gr 12 Kuns&Ontwerp (p) klubhuis<br>2de Dogterskrieket vs Linden (t) | 1ste Dogterskrieket vs Linden (t)<br>2de Dogterskrieket vs Linden (t)<br>SF Inhuldiging 18:30 ouditorium<br>Gr 12 Kuns &Ontwerp (p) klubhuis | **Gr 12 Prysuitdeling skoolsaal 10:00**<br>Gr 12 Pledge Sighning<br>**ENG P3 Exam (10-11)**<br>**Gr 8 & 9 LO Eksamen**<br>Atletiek Naboom<br>Tennistoer Buffelspoort<br>Gr 12 Kuns & Ontwerp (p) Klubhuis | Atletiek Naboom<br>Tennistoer Buffelspoort<br>Seunskrieket vs Helpmekaar<br>Acapella Sêr Finaal<br>Afriforum Teater Pta | Skaak: Provinsiale Individuele Finale rondte<br>Tennistoer Buffelspoort |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| Admaths Gr 8-11<br>Jesus week<br>Gholf Sentraal Gauteng Liga | Dogterstennis<br>Jesus week | Robotika 14:00<br>Jesus week | Jesus week<br>1ste Dogterskrieket Loslootjie<br>2de Dogterskrieket vs Dinamika (w) | NWU Top 30 Atletiek<br>Seunstennis A & B<br>Jesus week<br>Dogterskrieket Dainfern Festival (w) | NWU Top 30 Atletiek<br>Dogterskrieket Dainfern Festival (w)<br>Seunskrieket vs Steyn City | |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| Seunstennis C & D<br>**Eksamen Gr 8-11 Begin**<br>Gholf Sentraal Gauteng Liga | Dogterstennis<br>**Ma en Seun dans (Tema Lente) 18:30-20:00** | **Pa en Dogter Dans (tema lente) 18:30-20:00**<br>Seunskrieket JW vs Randpark (t) | **AJV 18:30 Aanlyn**<br>1ste Dogterskrieket vs Queens (t)<br>2de Dogterskrieket vs Northcliff (t) | RNA<br>Seunstennis A & B<br>50 Jr Reunie in Klubhuis | Seunskrieket FOCUS | |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |
| | | HS Randburg Orkes konsert 18:30 Ouditorium<br>Seunskrieket JW vs Trinity (w) | **MMS Prysuitdeling** | Netbal GSN Bosberaad | Netbal GSN Bosberaad<br>Seunskrieket vs Northcliff | |